# GEBEDE WAT BID

## Deel 1 – Die Motiewe van ons Gebede

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat was een van jou gunsteling Bybelstories as 'n kind (*indien jy in die kerk groot geword het*)? Hoekom?**

**Het jy al tye in jou  lewe beleef wat jy voel jou gebede word nie beantwoord nie? Hoe het dit jou laat voel? Watter effek het dit op jou geloof gehad?**

**Is jy 'n persoon wat wil weet hoekom iets gebeur het of aanvaar jy gemaklik gebeure sonder veel vrae? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Efesiërs 3:16-17. Wat vra Paulus vir die gelowiges in hierdie gebed? Hoekom vra hy dit?**

**2 Tessalonisense 1:11-12. Wat vra Paulus vir die gelowiges in hierdie gebed? Hoekom vra hy dit?**

**Genesis 12:2. Wat belowe God aan Abraham in hierdie vers? Wat sou Abraham moes doen met hierdie seën of wat was die "hoekom" van hierdie seën?**

**Handelinge 4:23-31. Wat sou jy sê was die motief vir hulle gebed?**

**Wat sê vers 31 het hulle gedoen nadat hulle gevul is met die Heilige Gees?**

**Dink na oor jou gebede die afgelope week. Dink na aan die "hoekom" en die "sodat" en die motief van jou gebede? Hoeveel van jou gebede het te doen met jou wil en jou koninkryk en hoeveel het te doen met God se wil en sy koninkryk? Wat dink jy is die rede daarvoor? Hoe dink jy verander mens dit? Deel met jou groep wat jy sal wil verander.**

**Skryf 'n gebed vir God neer oor wat jy ontdek het oor die motiewe van jou gebedslewe?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**